Geloof 3

Die Thomas geloof en die Abraham geloof

Joh. 20:25 "Die ander dissipels sê toe vir hom: (Thomas) **Ons het die Here gesien**! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek, **sal ek nooit glo nie**. En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hulle midde gestaan en gesê: Vrede vir julle! Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie maar gelowig. En Thomas antwoord en sê vir hom : **My Here en my God**!

Jesus sê vir hom, **omdat jy My gesien het**, Thomas, **het jy geglo**. Salig is die wat **nie gesien het nie** en **tog geglo het**."

Ons praat van die **ongelowige Thomas**. 2000 jaar later is hy nog steeds bekens as die dissipel **wat geweier het om te glo** die Here het opgestaan, **tensy hy Hom self sien**.

Vandag is daar nog steeds **duisende mense** met hierdie selfde uitgangspunt.

'n Sekere man het **vyf Doktors grade** in teologie, maar hy **glo nie** aan die **uitstorting van die Heilige Gees** en dat dit **vandag nog steeds plaasvind** nie.

Hy sit agter sy lessenaar en bid: "Here indien hierdie dinge van die **spreke in tale** en die **doping** met die **Heilige Gees** 'n werklikheid is, **gee dit vir my** -- **sodat ek kan glo**.

Drie ure later kom hy eers weer **tot sy sinne** toe sy seun by sy kantoor instap. Wanneer die seun met hom praat, antwoord hy hom in '**n vreemde taal** -- **weggeruk deur die Gees van God**. Hy is in 'n **verukking van sinne**. Hy het die **verligte oë** van die verstand ontvang.

Hoeveel maal het mense al vir u gesê **– Sien is glo?**

Indien ons sien, sal ons glo. **Wys my die Here**, **dan sal ek glo**!

'**n Thomas geloof**.

Rom. 4:17 - 21 "Soos geskrywe is: Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak - voor die aangesig van God **in wie hy geglo het**, wat die **dooie lewend maak**, en die dinge wat **nie bestaan nie**, **roep asof hulle bestaan**.

Hy het **teen hoop op hoop geglo** dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was, so sal jou nageslag wees. En **sonder om te verswak in die geloof** het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.

En hy het **nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie**, maar hy is **versterk deur die geloof** en het aan God die eer gegee en was **ten volle oortuig** dat Hy ook die **mag het om te doen wat Hy beloof het**."

Abraham roep die dinge wat **nie bestaan nie**, **asof hulle bestaan**. Hy sien die **onsienlike dinge** , asof dit 'n **werklikheid is**. Hy raak aan die **ontasbare**, asof dit **tasbaar** is. Hy roep die dinge wat nog **moet plaasvind**, asof dit **alreeds plaasgevind** het.

Dit is geloof!!! **Hy glo die onmoontlike**.

Hy was **ten volle oortuig** -- Sy geloof **was so sterk** -- Dat hy **weet** God het die **mag om te doen** wat Hy **beloof het**. Hy glo God **besit die vermoë** -- om -- **uit die dode op te wek**.

Hier sien ons die duidelike verskil tussen **ware Bybelse geloof** en die **sien-is-glo geloof** van so baie mense. Hierdie geloof van Abraham bevat al die **noodsaaklike elemente** van **oorwinnende geloof**.

Eerstens het hy 'n persoonlike Woord van God ontvang - **'n rhema**, nie slegs **'n Logos** nie. Tweedens, het hy hierdie **woord geglo met sy hele hart**, omdat hy geweet het. Dit is **openbaringsgeloof**. Hy het 'n openbaring van God ontvang.

Derdens, het hy nie **gelet op weersprekende omstandighede** nie. Hy het nie toegelaat dat dit sy **denke beïnvloed** nie. Wetenskaplik het dit **onmoontlik gelyk**. Sy **liggaam** was alreeds **verstorwe**, m.a.w. hy kon nie meer **met 'n vrou verkeer** nie, en so ook **Sara**.

Maar Abraham het die **rokende oond** en die **vurige fakkel** onthou, en hy het geweet, die God wat met **vuur antwoord**, **Hy is God**. Hy het **teen hoop** op God vertrou.

Dit is belangrik om bogenoemde te verstaan. Abraham het nie maar net **halstarrig vasgehou** vir een of ander onverklaarbare rede nie. **Nee**!! Sy geloof is 'n **geestelik logiese uitvloeisel** van sy **omgang** en **verhouding** met God.

Sy geloof is gebou op sy **persoonlike ervarings** met God.

Die Here verwag ook nie van ons om maar net oë toe te knyp in 'n **blinde gejaag** van **uithou en aanhou** nie, sonder **enige logiese basis** vir ons geloof nie.

My **ervaring** van God maak dat ek **sinvol kan stry** in die geloof. Dit is ons "**redelike godsdiens**"

Rom 12:1 "Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n **lewende**, **heilige** en **aan God welgevallige offer** dit is **julle redelike godsdiens**."

Dit is die **verhouding** wat ek met God het. My geloof **vloei uit die verhouding** wat daar **tussen my** en die **Here** is.

Ek **gee myself** vir God. Ek **behoort** aan Hom. Ek is **Sy eiendom**. Hy het **besitreg**.

En God sal **na Sy eie omsien**.

Hoekom twyfel ek? Want ek **behoort nog aan myself**.

Maar wanneer ek **God se eiendom** word, dan **weet ek** Hy sal my versorg. Dan is daar nie meer **twyfel** nie.

Daarom kon Abraham ook die Here daagliks **loof en prys** soos een wat die **onsigbare sien**, want hy het die **onsigbare gesien**, met sy **geestesoog**. En hy was **God se eiendom**. God het hom **uitverkies** en **aangeneem**.

En ons is **kinders van Abraham**.

Gal. 3: 29 "En as julle **aan Christus behoort**, dan is julle die **nageslag van Abraham**, en volgens **die belofte erfgename**."

indien ons dan **kinders van Abraham** is,dan moet **ons ook glo** soos ons **vader Abraham geglo** het.

Ef. 1:17 "dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die **Gees van wysheid** en **openbaring in kennis** van Hom mag gee,
:18 **verligte oë van julle verstand**, sodat julle kan **weet** wat die **hoop van sy roeping** en wat die **rykdom van die heerlikheid** van sy erfdeel onder die heiliges is;
:19 en wat die **uitnemende grootheid van sy krag** is vir **ons wat glo**, na die werking van die krag van sy sterkte
:20 wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,
:21 bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar **ook in die toekomstige**.

God het aan ons die **verligte oë van ons verstand** gegee. Dit beteken Hy het **Homself aan ons openbaar**. God het die **verborge dinge aan ons verklaar**. Hy het dit vir ons **sigbaar gemaak**. Hy het dit vir ons in die **gees sigbaar** gemaak.

Nie almal kan hierdie dinge sien nie, maar net die wat 'n **openbaring van God** ontvang het. Net die wat die **verligte oë van die verstand** ontvang het. Net die wat **wedergebore** is.

Met **wedergeboorte** gaan my **geestelike verstand oop** om hierdie **dinge van God te kan verstaan** en om **God te kan Glo** en om Hom te **kan vertrou**.

1Kor. 2:14 "Maar die **natuurlike mens** neem die dinge van die **Gees van God nie aan nie**; want dit is vir hom **dwaasheid**, en hy kan dit **nie verstaan nie**, omdat dit **geestelik beoordeel** word."

Wat sê die natuurlike mens? "**Daar is nie 'n God nie**."

Dit is vir hom **dwaasheid**. Hy kan dit **nie verstaan nie**, want dit word nie **natuurlik beoordeel** nie. Met ander woorde -- Dit word nie met die **verstand beoordeel** nie. Die **verstand is onvrugbaar** wat die **dinge van God** aanggan.

Maar dit word **geestelik beoordeel**, met die **gees van die mens**, nadat die **gees van die mens** deur die **Gees van God vernuwe** is.

Die dag toe ons **weder-gebore** is, het ons dieselfde **liggaam van vlees** behou, maar daar het 'n **verandering in my gees** plaasgevind.

My **gees is vernuwe**. Ek het die **verligte oë** -- met ander woorde -- 'n **Openbaring van God** in my **gees** ontvang.

Ek het God met my **geestelike oog gesien** en daarom **glo ek**.

Albei soorte geloof berus op **sien** -- Op die **sigbare** -- Die een op die **fisiese** en die ander op die **psigiese** -- Die **geestelike**.

Thomas het die **fisiese** gesien en Abraham het die **psigiese** gesien.

Wanneer jy **iets sien**, dan **weet** jy. En dit geld ook in die **geestelike**. Wanneer jy iets met jou **geestelike oog sien**, dan **weet jy**.

Toe ek die dag **met Jesus ontmoet** het, toe sê ek: "Nou **weet ek** Jesus is 'n **werklikheid** en **Hy lewe**."

Toe vra die mense vir my? "Het jy dan **nie geglo nie**"

Ek sê: "**Ja ek het geglo**, maar **nou weet ek**." Nou hoef ek nie **meer te glo** nie, want nou **weet ek**.

U sien: wanneer jou **gees oopgaan** en jou **gees met God ontmoet**, dan **weet jy**. Dan is dit nie meer net 'n kwessie **van glo nie**, maar **jy weet -- jy weet dat dit wat jy glo 'n werklikheid** is.

En hierdie **geestelike geloof** is nie net **nou vir hierdie wêreld** nie, maar ook vir **die toekomstige**. Ons geloof **moet ons indra** in die **eeu wat kom**.

Want **sonder geloof** is dit **onmoontlik om God te behaag**. (Heb. 11: 6)

1Kor. 15:19 "As ons net **vir hierdie lewe op Christus hoop**, dan is ons die **ellendigste van alle mense**."

Ons geloof gaan nie net vir **die nou hier nie**, maar dit gaan uitsluitlik oor die **ewige**.

Ons glo en ons weet, God sal vir die **nou** die **tydelike** voorsien, maar die wonderlikste van alles is dat Hy vir ons die ook die **ewige voorsien**.

En dit is uitsluitlik waarvoor die Here ons **wil toerus** -- **Vir die ewige**.

Hy voorsien in **al ons behoeftes** hier op **aarde**, maar Hy wil vir ons **die ewige gee**. Uiteindelik gaan alles **oor die ewige**.

Abraham se geloof was op die **toekoms gerig – die ewige**, terwyl Thomas se geloof op die **nou** die **tydelike gerig** was.

Hy het gelet op dit wat hy **nou kan sien**, dit wat hy **nou kan ondervind**. Terwyl Abraham tevrede was **om te wag tot die latere dinge**.

Isak kan maar sterf. Ek weet God sal **later weer voorsien**.

En God **het voorsien**, toe **Hy Self as Kind gebore** word.

God het 'n Kind voorsien, baie jare later, toe **Hy Self op die altar geplaas word** om in die **plek van Isak te sterf**.

Dit is **hoe sterk Abraham** se geloof was. Hy sien die **onsienlike dinge** asof dit **alreeds bestaan**.

Wanneer hy **Isak op die altar vasmaak** -- **sien hy Jesus aan die kruis van Golgota** -- en daarom het hy nie **een oomblik getwyfel** nie.

Geloof is 'n werking in die gees

Die hele drama van die geloof speel in die **gees** af, of dit nou vir **genesing** is, of vir **wedergeboorte** of vir **wat ookal**. Die uitwerking sal gewis later **in die liggaam** of in jou **omstandighede sigbaar** word.

Ons moet besef **God is 'n Gees** -- daarom kan ek Hom slegs **deur my gees bereik**. Te veel mense probeer God **deur die liggaam** of deur **die verstand** te nader. **Dit kan nie so werk nie**. **God is Gees**. (Joh. 4: 24)

My **vlees** kan nie met God kontak maak nie, alleenlik my **gees** kan met God kontak maak.

En dit is wat gebeur wanneer ek met die **H.G. Gedoop** word, **my gees** ontmoet met **God se Gees**.

Alles wat ons van God verlang moet **deur geloof ontvang** word.

Ons is so gewoond om alles met ons **verstand te beoordeel** dat dit vir baie van ons moeilik is om soos die **kinderjies te glo**.

Ons moet leer om ons **geestessintuie te ontwikkel**, sodat ons **gees kan heers oor die vlees**, d.w.s. oor ons **vleeslike sintuie**. Dit is ons **wedergebore gees** wat vervul word met die **Heilige Gees**.

Daar is wel **manifestasies in die vlees**, maar die belangrikste is 'n **Heilige Gees deurdrenkte gees**.

Hierdie **Heilige Gees deurdrenkte gees** kom nou onder die **totale beheer van God se Gees**. Hy word **gelei deur die Gees van God**.

Rom. 8: 14 "Want almal wat deur die **Gees van God gelei word**, die is **kinders van God**."

Sulke persone **bid met** die gees (sy eie gees) wanneer hy **in tale bid**. Hy **sing** ook met die gees, wanneer hy in tale sing. (1Kor 14.)

Hulle **hoor** in die gees.

Openb. 2:7 "Wie 'n oor het (geestesoor) laat **hom hoor wat die Gees** aan die gemeentes se."

Die **ware geloof glo** wat die **Heilige Gees** aan hom openbaar.

Ons moet nie God se Woord en God se sake afwater na **ons menslike vlak** nie, maar ons moet soos Abraham in die **gees redeneer** en **opstyg na God** se vlak.

Hoe is **my geloof** vandag?

Soos **Thomas** of soos **Abraham**?